## 3. Samevatting: Sepediversmaat

Die onderbou van die versgeheel kom deur die ordening van linguistiese besonderhede volgens die beginsels van verdeling en ekwivalensie tot stand. In Sepedi begunstig die grammatika die samestelling van die woordgroepvers, en dit geskied:

- deur die skematisering van sowel fonetiese/fonologiese as sintaktiese en semantiese besonderhede. (In die geval van sillabiese en heffinsverse word slegs die fonetiese/fonologiese gegewens daarvoor in aanmerking geneem.)
- deurdat die verdelingspunt 'n sintaktiese snit is wat met 'n woordgroepgrens saamval. In die gevalle waar 'n saamgestelde woord die eerste membrum uitmaak, tree die woordgrens as verdelingspunt op. Deur die koördinasie van die verdelingspunt en die afsnygrens word (a) die hiërargie tussen die membrum en die vers bepaal, en (b) die samehang tussen die membra aangebring. (Die ewewigspunt tussen die membra in die geval van die sillabiese en heffingsverse val met 'n woordgrens saam, en dié moet gemarkeer word. Rym word onder meer met die oog hierop aangewend. In die geval van Shakespeare- en Miltongedigte, waarna verwys word, kom 'n ritmespits ook as verdelingsgrens tussen membra in aanmerking.)
- deurdat die herhaling van heffinge, sillabes, semantiese eenhede en sintaktiese strukture die membra in ewewig bring. Versmaat vereis dat herhaling as sodanig nie linguisties funksioneel mag wees nie. Die Sepedigrammatika sluit rym as verstegniese middel uit. (Rym het in die geval van die sillabiese en heffingsverse, benewens die markeringsfunksie, die vermoë om ekwivalensie te bewerk.)

Die werksaamhede van die Berlyns-Lutherse Sendinggenootskap het Sepedi nie net tot skryftaal verhef nie, maar ook daartoe bygedra dat die Sepedidigter hom aan die skryf van die heffingsvers gewaag het. Dit het nie sonder probleme verloop nie, en dat die rigting wat die jonger digtergeslag inslaan op 'n **vers libre** in Sepedi gaan uitloop, sal die tyd nog moet uitwys.